# Geskiedenis

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

**Geoff Olivier**

GRAAD

# 10

KABV

**3-in-1**



THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

# Graad 10 Geskiedenis 3-in-1 CAPS

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 10 Geskiedenis 3-in-1 studiegids bied ’n omvattende beskouing van al 6 onderwerpe in die KABV-kurrikulum. Dit maak die vakinhoud makliker verteerbaar met nuttige foto’s, uittreksels, verduidelikings van sleutelterme en tydlyne.

**Sleutelkenmerke:**

- Omvattende notas, sleutelterme en tydlyne
- Brongebaseerde vrae en antwoorde
- Opstelvrae met modelopstelle
- Voorbeeld-eksamenvraestelle met antwoorde

THE ANSWER SERIES Your Key to Exam Success

GRAAD

# 10

KABV

3-in-1

# Geskiedenis

**Geoff Olivier**

**HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN**

1. Breedvoerige Notas met baie foto's
2. Vrae en Antwoorde per Onderwerp
3. Eksamenvraestelle en -memo's

**E-boek beskikbaar**

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

2013 publikasie | | ISBN: 978-1-920297-98-5

29032021 | TAS

# INHOUD


**EKSAMEN- EN TAAKRIGLYNE** ... i

**ONDERWERP 1: DIE WÊRELD OMSTREEKS 1600** ... **1**

- **Die Ming-dinastie in China** ... 3
- **Die Songhai-ryk in Noordwes-Afrika** ... 9
- **Die Mongol-ryk in Indië** ... 11
- **Europese gemeenskappe** ... 17
  - Vrae en antwoorde ... 29

**ONDERWERP 2: EUROPESE UITBREIDING EN VEROWERING TYDENS DIE 15de TOT 18de EEU** ... **38**

- **Inleiding** ... 39
- **Die redes waarom Europese uitbreiding moontlik was** ... 41
- **Spaanse verowerings in die Amerikas** ... 44
- **Portugese en Hollandse verowerings in Afrika** ... 48
  - Vrae en antwoorde ... 53

**ONDERWERP 3: DIE FRANSE REWOLUSIE** ... **58**

- **Inleiding** ... 60
- **Wat is 'n rewolusie?** ... 61
- **Toestande in Frankryk wat 'n rewolusie moontlik gemaak het** ... 61
- **Die oorsake en verloop van die Franse Rewolusie** ... 67
- **Die impak van die Franse Rewolusie wêreldwyd** ... 73
- **Die redes vir internasionale weerstand teen die rewolusionêres in Frankryk** ... 73
- **Napoleon: Die reaksie teen demokrasie en die modernisering van Frankryk** ... 73
- **Die verspreiding van rewolusionêre aspirasies in Sint Domingue (hedendaagse Haïti)** ... 74
- **Die nalatenskap van die Franse Rewolusie** ... 78
  - Vrae en antwoorde ... 78

**ONDERWERP 4: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750** ... **83**

- **Inleiding** ... 83
- **Suider-Afrika voor 1750** ... 85
- **Hoe het Suid-Afrika in 1750 daar uitgesien?** ... 85
- **Politieke veranderinge tussen 1750 en 1820** ... 87
- **Politieke rewolusie tussen 1820 en 1835** ... 89
- **Voorstellings van Shaka** ... 94
  - Vrae en antwoorde ... 96

**ONDERWERP 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750** ... **99**

- **Inleiding** ... 99
- **Brittanje neem beheer van die Kaap oor** ... 101
- **Boere se reaksie op Britse beheer** ... 105
- **Xhosa-reaksies op Britse uitbreiding** ... 108
- **Brittanje vestig die Natalse kolonie** ... 109
- **Samewerking en konflik op die Hoëveld** ... 110
- **Die Anglo-Zoeloe-oorlog** ... 113
  - Vrae en antwoorde ... 114

**ONDERWERP 6: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE** ... **119**

- **Inleiding** ... 119
- **Mynkapitalisme** ... 121
- **Die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902)** ... 126
- **Die Unie van Suid-Afrika in 1910** ... 135
- **Die Naturelle Grondwet van 1913** ... 136
  - Vrae en antwoorde ... 136


**EKSAMENVRAESTELLE (Junie en November)** ... 141

**EKSAMENMEMO'S (Junie en November)** ... 150

**NASIENRUBRIEK VIR OPSTELVRAE** ... 154

## REGERING EN SAMELEWING

- Die Ming-dinastie was een van die vernaamste eras van ordelike regering en **sosiale stabiliteit** in die mensegeskiedenis.
- Dit was die laaste dinastie wat deur etniese **Han Chinese** regeer is.
- Die eerste keiser van hierdie dinastie, die **Hongwu-keiser** (1368–1398), is as 'n kleinboer genaamd Zhu Yuanzhang gebore. Hy het homself tot die hoogste militêre posisie opgewerk. Hy het keiser geword nadat hy 'n suksesvolle rebellie teen die Mongoolse Yuan-dinastie organiseer het.
- Die Hongwu-keiser het probeer om 'n selfonderhoudende samelewing van **vaste plattelandse gemeenskappe** te skep.
- Hy het China se landboubasis herbou ten einde 'n reuse **landboukundige surplus** te skep wat by groeiende markte verkoop is.
- **Uitgebreide kommunikasieroetes** is deur 'n militêre koerierdiens geskep.



Bron: Hardouin

Die Hongwu-keiser

- **Paaie** is goed beplan en goed onderhou.
- Tradisie is verander sodat die middelklas-handelsfamilies hulle seuns kon stuur om as eksamenkandidate vir tersiêre studies te kwalifiseer. Dit het daartoe gelei dat burgerlike aanstellings volgens 'n persoon se meriete geskied het en het 'n mate van **sosiale mobiliteit** teweeggebring.
- Die mans wat so aangestel is, was die nuwe **mandaryne** wat direkte verteenwoordigers van die keiser was en sy bevele regoor die ryk afgedwing het
- Die nuwe **skolierbeampte-klas** het die kulturele eienskappe en gebruike van die burgery van die hoër klas aanvaar.
- Die **regering** – bestaande uit die sekretariaat, ses ministeries en dertien prefekte – was doeltreffend.
- Twee groot gebiede het aan geen provinsie behoort nie; hulle was die metropolitaanse gebiede (jing) van **Nanjing** en **Beijing**.
- Die Hongwu-keiser het 'n netwerk van geheime polisie, die **Jinyi Wei,** uit sy eie paleiswag saamgestel.
- Die Jinyi Wei was verantwoordelik vir die dood van 100 000 onderdane gedurende die **suiwerings** wat tydens sy bewind plaasgevind het.
- Die Hongwu-keiser het **paranoïes** geword oor die moontlikheid dat hy onttroon sou word en het baie mense laat martel en vermoor as hy enige kritiek oor sy regeringsmetodes gehoor het.
- Hy is deur **15 ander Ming-keisers** opgevolg. Sommige het die ryk opgebou terwyl ander dit laat verval het a.g.v. korrupsie en onbevoegdheid.
- Die **Yongle-keiser** (1402–1424) was militaristies maar bekwaam. Hy het die eksamens weer ingestel sodat regeringsbeamptes aangestel kon word. Hy het die hoofstad vanaf Nanjing na Beijing verskuif en die Verbode Stad in Beijing laat bou. Hy het die Groot Kanaal van China heropen, en die meeste van Zheng He se syriviervaarte gevolmag.
- Die **Hongxi-keiser** (1424–1425) het 'n kort bewind gehad, maar dit is gekenmerk deur die vele verbeteringe in die openbare dienste asook die lewering van graan aan rampgebiede.
- Sy seun, die **Xuande-keiser** (1425–1435), het vir tien jaar regeer. Hierdie tydperk staan bekend as die 'goue eeu' van die Ming-dinastie. Hy het belasting verminder, duisende onskuldige gevangenes vrygelaat en korrupsie in die weermag en burgerlike administrasie probeer uitskakel.
- Die **Wanli-keiser** (1572–1620) het sy regeringstydperk ingelui deur ywerig te probeer om die land effektief te bestuur, maar geleidelik belangstelling verloor en groot bedrae uit die staatskas vir sy persoonlike plesier aangewend.
- Die **Tianqi-keiser** (1620–1627) het geen belangstelling getoon in staatsbelange nie en terwyl sy hoofeunug, Wei Zhongxian, die land namens hom bestuur het, het die lewenstandaarde van die mense afgeneem.
- Gedurende die Ming-dinastie was daar baie **magstryde** tussen diegene met 'n aanspraak op die troon.



Bron: LuxTonnerre

**Binne Beijing se Verbode Stad**




*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

**Hoe het Europese uitbreiding die wêreld verander?**

Hierdie onderwerp bespreek hoekom en hoe Europa daarin kon slaag om groot dele van die wêreld binne minder as twee eeu te koloniseer. Daar word op die vroeëre kolonisasieprosesse en die gevolge vir die gekoloniseerde gemeenskappe gefokus. Daar word ook op idees van rasse-meerderwaardigheid en die magsbalans in die wêreld gefokus.

**SLEUTELTERME**

| | |
|---|---|
| **'conquistador':** | Spaanse leier betrokke by die verowering van die Amerikas |
| **ekspedisie:** | 'n reis wat onderneem word om onbekende oseane en/of land te verken |
| **geoktrooieerde maatskappy:** | vereniging deur beleggers gevorm om handel te dryf, te eksporeer of te koloniseer om 'n wins te maak en wat deur 'n stigtingsakte van die regering as wettig verklaar is. |
| **handelsware:** | 'n produk wat verhandel word |
| **kettery:** | 'n opinie wat van die Rooms-Katolieke Kerk s'n verskil (ontoelaatbaar) |
| **kolonialisme:** | die stelsel waarvolgens een nasie een of meer ander afhanklike gebiede beheer |
| **monopolie:** | eksklusiewe reg om in 'n spesifieke gebied handel te dryf of dit te beheer, of om met spesifieke produkte handel te dryf |
| **Nuwe Wêreld:** | 'n term deur Europeërs gebruik om na die Amerikas en Australië te verwys aangesien hierdie gebiede vir hulle tydens die Middeleeue onbekend was |
| **Ou Wêreld:** | 'n term deur Europeërs gebruik om na Europa, Asië en Afrika te verwys aangesien hierdie gebiede gedurende die Middeleeue aan hulle bekend was |
| **setlaars:** | mense wat hul moederland verlaat om in 'n nuutgevonde gebied te vestig |
| **stigtingsakte:** | 'n dokument wat maatskappye die reg gee om gebiede polities te beheer of in hierdie gebiede handel te dryf |
| **uitbuiting:** | misbruik van iemand of iets met wins ten doel, dikwels selfsugtig |



Bron: Die Biblioteek van Kongres

**'n Wêreldkaart in 1570 soos geteken deur die Vlaamse kartograaf, Abraham Ortelius**

# INLEIDING

Hoekom het die Europese magte in gebiede oorsee belanggestel en hoe was dit moontlik dat hulle op so 'n groot skaal kon uitbrei? Europa was vir seker nie magtiger as die Ming-, Mogol- of Ottoman-ryk nie.

Verder was daar gedurende hierdie tydperk uitgebreide konflik binne Europa en die verskeie oorloë het die Europese grense in 'n toestand van veranderlikheid gehou. Die Swede het byvoorbeeld in 1470-1471 teen die Dene baklei en daarna in 1495-1497 teen die Russe terwyl die Pole en Noordelike Duitsers weer in 1431–1435 en 1519–1521 teen mekaar baklei het. Die uitgerekte Anglo-Spaanse Oorlog het vanaf 1585 tot 1604 geduur.

Soms kom 'n aantal toestande egter gelyktydig voor en veroorsaak 'n keerpunt in die geskiedenis. Dit is wat in die geval van Europese uitbreiding gebeur het.

Die Renaissance het die weg vir die ontdekkingsgees gebaan wat die vaart na wye, onbekende waters moontlik gemaak het. Europa wou sy grense om ekonomiese redes uitbrei en die tegnologiese ontwikkelings, strategiese beplanning, begeerte na nasionale prestige en 'n humanitêre agenda het dit moontlik gemaak. Die gesamentlike invloed van hierdie faktore het Europese uitbreiding moontlik gemaak en die Europese magte die geleentheid gebied om die wêreld te verander.




Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## DIE IMPAK VAN SLAWERNY IN SUIDER-AFRIKA

- Omdat baie slawe uit ander gebiede ingevoer is, het slawerny die bevolking van Suider-Afrika meer **veelrassig** gemaak.
- Baie van die Oos-Indiese slawe was Moslems en baie was invloedryke godsdienstige leiers. Daarom was **Islam** 'n sterk teenwoordigheid, veral in die Kaap.
- Daar het vermenging tussen die ingevoerde slawe, Koi en San, en die Hollanders plaasgevind. Die gevolg was die **Kaapse Kleurlinggemeenskap**.
- Die Koi-mense is tot 'n mindere mate as die inheemse volke van baie ander dele van Afrika verslaaf, maar hulle het meestal wel **ingeskrewe bediendes** geword namate Europese en, tot 'n mindere mate, swart immigrasie hulle weg van hulle tradisionele gronde gedwing het.
- Die Koi is ook in ander bevolkingsgroepe opgeneem en het hulle **identiteit** as 'n aparte volk, asook hulle taal, verloor.
- Slawerny is in 1834 in die Kaap en ander Britse kolonies afgeskaf. Die gemeenskap is egter steeds volgens ras **in lae gedeel**.
- Aangesien die persone wat die meeste harde arbeid in die Kaap verrig het bruin velle gehad het, het die koloniste met ligter velle begin aanneem dat diegene met donkerder velle inherent **minderwaardig** teenoor mense met ligter velle is.
- Hierdie vooroordeel het later tot die stelsels van aparte ontwikkeling, trekarbeid, die ongelyke verdeling van grond en **apartheid** aanleiding gegee.




## DIE PROSESSE VAN KOLONIALISME IN PORTUGESE EN HOLLANDSE KOLONIES IN AFRIKA

- Die invoering van **Europese goedere** (materiaal, metaal, glas en wapens) het die bestaande vakmansekonomie benadeel en die wapens het 'n nuwe kultuur van geweld laat ontstaan.
- Die aankoms van Christelike **sendelinge** met die uitdruklike strewe om die 'onbeskaafde' inheemse bevolkings te 'bekeer', het die tradisionele geloofstelsels van voorvaderaanbidding merendeels vernietig.
- Die idee van voorvaderlike **erfgronde** is ingekort toe die koloniale magte hulleself en hulle kultuur ingewortel het.
- Namate Europese tale in die samelewing ingegrawe is, is die plaaslike **tale** as sekondêr beskou en sommiges het verdwyn.






# BRONGEBASEERDE VRAE

**Vraag 1**

1.1 Bron A

Bestudeer die volgende skets van een van Cortés se ontmoetings in Tenochtitlan met keiser Montezuma II en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Bron: Tillman

**'n Skets deur 'n Tlaxcalan kunstenaar in die 1500's**

1.1.1 Van watter ryk was keiser Montezuma II die regeerder? (1)

1.1.2 Van watter land was Cortés afkomstig? (1)

1.1.3 Die skets is deur 'n Tlaxcalan-kunstenaar geteken. Vir wie het die Tlaxcalans ondersteun: keiser Montezuma II of Cortés? (1)

1.1.4 Wat was Cortés se bedoeling met die reël van so 'n ontmoeting? (2)

1.1.5 (a) Wat is die naam van die vrou wat agter Cortés staan? (1)

(b) Watter rol het sy gedurende die bespreking gespeel? (1)

1.1.6 Op die voorgrond is opgestapelde voëls in hokke en ander goedere. Hoekom dink jy wys die keiser hierdie goedere aan Cortés? (1)

1.1.7 Cortés kon hierdie ryk met relatief min manskappe verower. Hoe was dit moontlik? (2)


Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

- Die **kleinboere** was die laagste van die drie groepe van die Derde Stand.
- Hulle was **amper soos slawe** wat op die landgoedere van die adel gewoon het.
- Hulle was **militêre en landboudienste** aan die adel verskuldig.
- Hulle kon met die adel se toestemming klein gronderwe verbou.
- Lyfeienes moes **toestemming vra om die landgoed te verlaat**.




Bron: Gustave Courbet, The Yorck Project

***Die Steenbrekers*, uit 1849, is na die rewolusie geskilder, maar dui dieselfde werkstoestande as dié van kleinboere en lyfeienes voor die rewolusie, aan.**




**Die sosiale hiërargie van die *ancien régime***

# DIE EKONOMIESE TOESTANDE IN FRANKRYK GEDURENDE DIE 18DE EEU

## Onverantwoordelike staatsuitgawes

- Dwarsdeur die18de eeu het die Franse monarge **geld onverantwoordelik spandeer** ten einde Frankryk se volgehoue aansien as die leidende nasie in Europa te verseker. Dit was ook 'n teken van hulle persoonlike mag.
- **Lodewyk XIV** het baie geld op uitgerekte oorloë, veral teen Brittanje, spandeer. Dit was 'n langdurige vete. Hy het ook die pragtige en baie weelderige Paleis van Versailles gebou. Hy was weens sy uitspattigheid en die prag van sy hof as die **'Sonkoning'** bekend.
- **Lodewyk XV** het ook oorloë gevoer, maar was minder suksesvol. Die oorloë was geweldig duur, byvoorbeeld die **Sewejarige Oorlog** teen Brittanje. Hy het reuse bedrae geld toegeken in 'n poging om binnelandse ondersteuning asook die ondersteuning van naburige lande te verseker. Teen die einde van sy bewind in 1774 was daar reeds 'n reuse skuldlas.
- **Lodewyk XVI** se betrokkenheid by die **Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog** was 'n poging om Brittanje te verslaan, maar het Frankryk uiteindelik finansieel geknak. A.g.v. finansiële lenings van Switserse en Oostenrykse banke, asook lenings van ander koninklike families, was die land op die rand van bankrotskap. Die totale skuld het teen 1788 tot 'n uiteindelike 4 000 miljoen livres opgeloop. Jaarlikse belastinginkomste = 560 miljoen livres, totale uitgawes = 630 miljoen livres in 1788. Hierdie situasie was nie volhoubaar nie.

## Ondoeltreffende belastingstelsel

- Die **Derde Stand** het onder 'n geweldige belastinglas gebuk gegaan.
- Die **kerk en adel** was veronderstel om vrywillig belasting te betaal, maar hulle het nie aangesien dit oor die eeue heen die gebruik geword het.
- **Belastinginsameling** of **'belastingboerdery'** was 'n voorreg uit die koning se hand. Gaarders was gewoonlik so korrup en het sulke reuse profyte onttrek dat slegs 'n derde van die belasting die staatskoffers bereik het.

## Tolhekke en hoë handelsbelasting

- Binne Frankryk het **tolhekke** tussen dorpe bestaan wat die vervoer van produkte duur gemaak het. Dit het interne handel beperk en produkte, veral kos, duurder gemaak. Dit het die Derde Stand, veral armes, ernstig benadeel.
- **Hoë belasting** op uitvoerprodukte het handel ook erg aan bande gelê.

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

- In die noorde het die Koi as die **Kora** bekend geword en hulle het hulle langs die samelope van die Oranje/Gariep- en Vaalrivier gevestig.
- **Jan Bloem**, 'n Duitser wat van die NOIK weggeloop het, het 'n aantal van die Kora-stamme verenig en hulle het 'n handelsnetwerk tussen die Kaap en die Zambezirivier tot stand gebring. Hulle het beeste, ivoor, velle, hoë kwaliteit ystererts en oker vir buskruit, koeëls, tabak, vervaardigde goedere en pakdiere verhandel.
- **Jan Bloem II** was voor die koms van die Trekkers 'n prominente leier in die Transoranjegebied. Hy was een van dié wat gewapende strooptogte gelei het
- Trekboere was **afhanklik** van die handelaars uit die Kaap vir buskruit, gewere, metaalonderdele, waonderdele, Bybels en vervaardigde huishoudelike gerei.
- Teen 1778 was die Burgers (gevestigde Trekboere) en Xhosa **vermeng**. Hulle was beide veeboere wat dieselfde gebied beset het: die Zuurveld tussen die Sondags- en Groot Visrivier.
- Die Hollandse goewerneur van die Kaap, **goewerneur van Plettenberg**, het die grensgebied in 1778 besoek. Hy het aangeneem dat hy 'n ooreenkoms oor 'n grens tussen die kolonie en Xhosa-grondgebied met die **Xhosa** bereik het. Die hoofman met wie hy die ooreenkoms aangegaan het, was egter nie in beheer van al die grond ter sprake nie – **Xhosa**-hoofmanne kon buitendien nie grond aan iemand buite die stam oordra nie.
- In 1779 het die eerste konflik van 'n lang reeks oorloë tussen die Xhosa en koloniale gesag uitgebreek. Die Hollandse goewerneur het **kommandeur Adriaan van Jaarsveld** aangestel om geskille by te lê en die Xhosa-hoofmanne te oortuig om noord van die Visrivier terug te trek.




Bron: Jcwf

Die Groot Visrivier

- Van Jaarsveld het die Xhosa gefnuik en 'n groot aantal **uitgemoor** ook 800 beeste as vergoeding geneem. Gedurende verdere aanvalle is die Xhosa uit hul huise verdryf.
- Die regering het uiteindelik **met die Xhosa onderhandel** en hulle toegelaat om in die Zuurveld aan te bly indien dit in vrede kon wees.

- Die Burgers het beswaar aangeteken en **twee republieke**, een in Swellendam en een in Graaff-Reinet, uitgeroep. Dit het eers na die aankoms van die Britte in 1795 weer deel van die kolonie geword.
- Die 3[de] **Grensoorlog** is tussen die Xhosa en die Britte, en nie die Xhosa en die Hollanders nie, geveg. Die einde daarvan het die Sondagsrivier as die grens bevestig.
- Die **Britte het die Burgers** aan die Oosgrens **verbied** om Xhosa gebied binne te val, hetsy om beeste terug te kry of hulle daar te vestig. Die Britte het hulle handelsroete na Kaapstad afgesny totdat die Burgers ingestem het.




Bron: Lodewijk Alberti; "Stamme & Ryke", deur J.S. Bergh, in samewerking met A.P. Bergh. Don Nelson: Kaapstad. 1984.

**'n Skildery van 'n Xhosa-nedersetting in die vroeë 1800's**

- Nadat die Kaap weer in 1803 aan die **Hollandse Bataafse Republiek** teruggegee is, was daar vrede aan die Oosgrens en het handel tussen die Koi, Xhosa en Burgers onverhinderd voortgegaan.
- Die **Britte** het egter in 1806 weer die Kaap beset. Hulle het die korrupte NOIK-amptenare vervang en het geld en wapens gehad om die streng administrasie en militêre beheer van die Kaap te verseker.
- Die Britte het **geglo dat Xhosa-beesstrooptogte die oorsaak van konflik** tussen die Trekboere en die Xhosa aan die Oos-Kaapse grens was.
- Vanaf 1811 het die Britte **berede polisie-eenhede en swaar gewapende militêre regimente** gebruik om die grensgebiede te beheer.
- Gedurende die 4[de] Grensoorlog (1811–1812) het die Britte onder luitenant John Graham teen die **Ndlambe-Xhosa** van die Zuurveld geveg en hulle ooswaarts oor die Groot Visrivier verdryf.
- In 1812 het Graham **Grahamstad** in die Zuurveld tot stand gebring.


*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*




Bron: Afrika deur 'n Lens, deel van die Koloniale Kantoor fotografiese versameling by die Nasionale Argiewe: CO 1069/219

| | |
|---|---|
| 1900 | 10 Jan – Roberts en Kitchener kom in Kaapstad aan. Roberts vervang Buller as die opperbevelvoerder van die Britse magte |
| | 23 Jan – Die Britte word by Spioenkop verslaan |
| | 15 Feb – Britse aflossingstroepe vir Kimberley arriveer |
| | 18 Feb – Die Britte wen die Slag van Paardeberg |
| | 28 Feb – Die beleg van Ladysmith word ontset |
| | 13 Mrt – Die Britte beset Bloemfontein |
| | 3 Mei – Die Britte ruk op na Pretoria |
| | 17 Mei – Die beleg van Mafikeng word ontset |
| | 31 Mei – Die Britte neem Johannesburg in besit |
| | 5 Junie – Die Britte neem Pretoria in besit |
| | 19 Okt – Kruger vaar weg in verbanning |
| | 29 Nov – Kitchener volg Roberts as opperbevelvoerder op |
| 1901 | 28 Feb – Mislukte vredesonderhandelinge tussen Kitchener en Botha |
| | 1 Junie – Insameling van burgerlikes na konsentrasiekampe begin |
| | 3 Sep – Die Boere val die Kaapkolonie binne |
| 1902 | 15–18 Mei – Boere-afgevaardigdes ontmoet by Vereeniging vir vredesonderhandelinge |
| | 31 Mei – Finale ontmoeting van Boereleiers met Kitchener en Milner by Vereeniging |
| | Voorwaardes van oorgawe in Pretoria onderteken |
| 1906 | Die Transvaalse kolonie word selfregerend en stel die Asiatiese Registrasiewet bekend |
| 1907 | Die Oranjerivier-kolonie word selfregerend |
| 1909 | 'n Konsep van die Suid-Afrikawet word opgestel en 'n afvaardiging gaan na Londen om teen die kleurslagboom te protesteer, maar sonder sukses |
| 1910 | Die Unie van Suid-Afrika word gevorm en Louis Botha word die eerste minister |
| 1912 | Die Suid-Afrikaanse Nasionale Naturelle-kongres word gestig |
| 1913 | Die Naturelle Grondwet word deurgevoer |
| 1914 | Die SANNK stuur 'n afvaardiging na Brittanje om teen die Naturelle Grondwet protes aan te teken, maar sonder sukses |




# MYNKAPITALISME

## DIE ONTDEKKING VAN GOUD AAN DIE WITWATERSRAND

- Na die Transvaalse oorlog in 1881 het die **Suid-Afrikaanse Republiek** weereens tot stand gekom, maar hierdie keer onder Britse opperheerskappy. Daar is dikwels daarna as die 'Transvaalse Republiek' verwys en die president was Paul Kruger.
- Ten tye van hierdie gebeure was die republiek nog 'n **verarmde staat**.
- In 1886 het George Harrison goud aan die Witwatersrand ontdek en sy kleim registreer. Dit het die **Witwatersrandse Goudstormloop** ontketen.
- Die Suid-Afrikaanse Republiek het nie verwag dat die Witwatersrand ontdekking so groot sou wees nie. Hulle het aanvanklik **klein kleims** uitgesit, maar beleggers het geld beskikbaar gestel en myners uit Wallis, Australië en die VSA het spoedig aangekom om mynskagte te sink.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE GOUDMYNBEDRYF EN DIE IMPAK DAARVAN OP DIE WITWATERSRAND

- Toe dit duidelik word dat die goudneerslae aan die Witwatersrand enorm is, het 'n **groot mynindustrie ontwikkel** en Johannesburg floreer.
- **Britse mynkenners** het die kennis en vaardighede verskaf wat nodig was om die gouderts ondergronds uit te haal en die goud dan uit die erts te onttrek.
- Die **Suid-Afrikaanse Republiek het ryk** uit die goudinkomstes **geword**.
- Maar saam met die rykdom het **groot probleme** vir Kruger en sy mense gekom. Kruger, 'n stoere Calvinis, het Johannesburg as 'n plek van verderf beskou. Hy was bang dat sy mense deur die Uitlanders oorweldig sou word.
- Hy was vasberade om **politieke mag** ten alle koste **te behou** en het daarom geweier om aan die Uitlanders stemreg te gee. Hy het gevoel dat die dapper pogings van die Afrikaners om Britse gesag te vermy tevergeefs sou wees indien hulle beheer van die Suid-Afrikaanse Republiek verloor.




**Paul Kruger**

Bron: Met hoflikheid van die Universiteit vanTexas


*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*


## FASE 1 VAN DIE OORLOG (1899–1900)

- Die Boeregeneraals het besluit dat aanval die beste verdediging was. Die Boere het **Kimberley en Mafikeng in die Kaapkolonie asook Ladysmith in die Natalse kolonie** (waar 'n groot Britse troepemag pas aangekom het) beleër.
- **Rhodes** het op die laaste oomblik in Kimberley aangekom om die verdediging van die dorp te help reël en aangehou om kolonel Robert Kekevich, wat in bevel van die magte daar was, te irriteer.



Bron: Die Diamante vanSuid-Afrika . Vol. II

**Die 'Lang Cecil'-kanon gedurende die beleg van Kimberley in die werkswinkels van De Beers vervaardig**





**'n Kaart van Suider-Afrika in 1900 wat Brittanje se Kaapkolonie, die Basoetoeland-protektoraat (deur die Kaapkolonie geadministreer), Brittanje se Natalse kolonie, die Oranje-Vrystaat, die Suid-Afrikaanse Republiek en Swaziland (deur die Suid-Afrikaanse Republiek geadministreer), asook dele van Duitse Suidwes-Afrika, Brittanje se Betsjoeanaland-protektoraat en Rhodesië, en Portugese Oos-Afrika aandui.**

- Aanvanklik was generaal sir Redvers Buller die Britse opperbevelvoerder in Suider-Afrika. Hy het met sy magte na Natal vertrek om die beleg van Ladysmith te ontset.
- Ander magte is na die grens van die Oranje-Vrystaat gestuur ter voorbereiding van 'n inval van Bloemfontein. Hulle is egter op 10 Desember 1899 *en route* tydens die **Slag van Stormberg** verslaan.
- Met Mafeking goed voorbereid vir 'n beleg en Kimberley nie, het nog 'n Britse mag daarheen opgetrek, maar hulle is deur die Boere, onder generaal Piet Cronje, op 11 Desember 1899 tydens die **Slag van Magersfontein** verslaan.
- Daarna is die magte van generaal Buller deur die Boere, onder generaal Louis Botha, op 15 Desember 1899 tydens die **Slag van Colenso** in die Natalse kolonie verslaan.
- Hierdie drie enorme nederlae in een week, genaamd Swart Week, het die **Britte verstom** en hulle gedwing om die leierskap van die Britse magte en die hulpbronne wat hulle tot hierdie oorlog bygedra het, te heroorweeg.
- Die Britse magte en hulle perde het ook in die **nuwe en geharde Suid-Afrikaanse klimaat** gesukkel.
- Koningin Victoria het die eerste minister Arthur Balfour aangeraai om die gewilde **lord Frederick Roberts van Kandahar** as die nuwe opperbevelvoerder en die hartelose Kitchener as sy stafhoof aan 1te stel en hulle is Kaapstad toe gestuur.
- Intussen het die Britte onder Buller voortgegaan om Ladysmith te probeer bevry en hulle is in Januarie 1900 tydens die **Slag van Spioenkop** verslaan.



Bron: Die Gutenberg Projek EBoek van Met die Boeremagte, deur Howard C. Hillegas. 1900

**Boere by Spioenkop, 1900**



Bron: Met goedgunstigheid van die Transvaalse Argief

**Die Indiese Ambulanskorps, deur Mohandas Gandhi georganiseer, het gewonde Britte ná baie slae, insluitend die Slag van Spioenkop, gehelp.**

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

**Vraag 3: Die Unie van Suid-Afrika**

3.1 Bron F

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Bron: SA government

**Die 1910-Unie van Suid-Afrika se kabinet**

3.1.1 Hoe verskil die demografie van hierdie kabinet van die kabinet van hedendaagse Suid-Afrika? (2)

3.1.2 Die goewerneur-generaal het namens die Britse monarg opgetree toe hy generaal Louis Botha gevra het om die eerste minister van die Unie van Suid-Afrika te wees en 'n kabinet saam te stel.

Verskaf moontlike redes waarom die goewerneur-generaal Botha as die eerste eerste minister gekies het eerder as John X. Merriman, wat baie verwag het eerste minister sou word. (1)

3.1.3 Is enige swartes toegelaat om gedurende die verkiesings wat die kabinet saamgestel het, te stem? Verduidelik. (3)

**Vraag 4: Die Naturelle Grondwet van 1913**

4.1 Bron G

Bestudeer hierdie foto en beantwoord die daaropvolgende vrae.

4.1.1 Hoekom het hierdie afvaardiging in 1914 na Londen gegaan? (2)

4.1.2 Was hierdie manne voldoende gekwalifiseer om die regeringsamptenare in Londen te woord te staan? Verduidelik. (2)

4.1.3 Wat was die uitkoms van hulle soektog in Londen? (2)



**Die 1914-Suid-Afrikaanse Nasionale Naturelle-kongresafvaardiging in Londen, met Sol Plaatje sittend regs voor**

# OPSTELVRAE

**Vraag 1**

Die oorlog wat vanaf 1899 tot 1902 in Suid-Afrika baklei is, het drie name: die Tweede Boereoorlog, die Anglo-Boereoorlog en die Suid-Afrikaanse Oorlog.

Bespreek die redes vir elk van hierdie drie name. Bepaal vervolgens wat die mees gepaste naam is. (50)

**Vraag 2**

Vroue word meestal nie in ag geneem wanneer oorlogvoering ter sprake is nie. Gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog het vroue 'n belangrike rol aan beide kante, Boer en Brits, gespeel.

Bespreek die rol van vroue gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog. (50)

**Vraag 3**

Die Suid-Afrikaanse Oorlog het op verskeie terreine afgespeel, meestal die Oranje-Vrystaat, Noord-Kaap, Transvaal en noordwestelike Natal.

Vergelyk hoe die onderskeie partye in hierdie oorlog baklei het en dui die suksesse en mislukkings van hulle taktieke en gebruik van die terrein aan. (50)

# BRONGEBASEERDE ANTWOORDE

1.1.1 Goud (1)

1.1.2 Diamante, Kimberley (2)

1.1.3 Die gouderts was van 'n lae gehalte. / Die goudrif het teen 'n moeilike hoek gelê. / Die myne moes baie diep gegrawe word. (Enige twee toepaslike antwoorde) (2)

1.1.4 Britse banke het die meeste belê en dit het spanning veroorsaak aangesien Brittanje meer beheer wou hê oor wat in Suid-Afrika gebeur en dit het veroorsaak dat die Suid-Afrikaanse Republiek Britse inmenging gevrees het. (3)

1.2.1 Hy wou soveel moontlik van Afrika in Britse kolonies omskep / plaas soveel moontlik van Afrika onder Britse beheer. (1)

1.2.2 Hierdie aanhaling dui 'n Britse imperialistiese denkwyse aan wat glo dat die Britse kultuur verhewe bo andere is en Britse invloed en beheer wil uitbrei. (4)

1.2.3 Sy sienings was tipies van sy landgenote, maar hy was baie meer as die meeste van sy landgenote betrokke by die uitbreiding van Britse invloed. (2)

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

## BRON 2F



Bron: *Punch, and Exploring History 1400-1900: An anthology of primary BRONs*, p. 401 by Rachel C. Gibbons

**Die Colossus van Rhodes: 'n 1892-spotprent van Cecil John Rhodes geteken deur Edward Linley Sambourne nadat Rhodes planne vir 'n telegraaflyn en spoorlyn vanaf Kaapstad na Kaïro aangekondig het**

## BRON 2G

De la Rey het die oorlog tot die laaste teengestaan, maar toe hy gedurende 'n Volksraadsessie deur president Paul Kruger van lafhartigheid beskuldig is, het hy geantwoord dat indien die tyd vir oorlog sou kom, hy lank ná Paul Kruger reeds opgegee en na veiligheid gevlug het, nog sou aanhou veg …

As 'n ondersteuner van die progressiewe faksie onder generaal Piet Joubert, het hy die Uitlander-beleide van Paul Kruger teengestaan … en gewaarsku dat dit tot oorlog met Brittanje kon lei. [vertaling]

Bron: Wikipedia. 2012. 'Koos de la Rey'. Aanlyn: http://en.wikipedia.org/wiki/Koos_de_la_Rey Herstel: 25 Julie 2012.

2.1 **Verwys na Bron 2A.**

2.1.1 Definieer die term 'imperialisme'. (3)

2.1.2 Hoe het imperialisme die onderwerping van die Xhosa teweeggebring? (3)

2.1.3 Hoekom, dink jy, was die Xhosa dikwels nie in staat om verenigde teenkanting aan die Oosgrens te koördineer nie? (2)

2.2 **Verwys na Bron 2B.**

2.2.1 Hoekom het die raadslid met die Britte gaan praat? (1)

2.2.2 Hoekom noem hierdie raadslid die Britse optrede gedurende die 5de Grensoorlog 'onregverdig'? (3)

2.2.3 Wat is Stockenström se opinie oor die gedrag van die Xhosaraadslid wat in hierdie bron beskryf word? (2)

2.3 **Verwys na Bron 2C.**

2.3.1 Watter gebeurtenis het rondom dieselfde tyd as die skrywe van hierdie 'manifes' plaasgevind? (1)

2.3.2 In punte 1 en 2 verwys Retief na twee 'drukfaktore' wat veroorsaak dat die Boere weggaan. Beskryf hierdie 'drukfaktore' in jou eie woorde. (4)

2.3.3 Wat wou die Voortrekkers graag vestig in die 'hinterland' waarheen hulle op pad was? (3)

2.3.4 Watter soort arbeidsverhoudinge wou die Voortrekkers volgens punt 5 in die gemeenskappe wat hulle beplan het hê en nie hê nie? (2)

2.3.5 Watter 'kolonie' beplan die Voortrekkers om te verlaat en watter mag beheer dit? (2)

2.4 **Verwys na Bron 2D.**

2.4.1 Hoekom wou die Britte diamante hê? (1)

2.4.2 Hoe het die Britte beheer oor die diamantvelde van Kimberley verkry? (4)

2.4.3 Dink jy die Britte het die uitkoms hiervan beplan? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.5 **Verwys na Bron 2E.**

2.5.1. Wat was die voorwendsel vir die inval van die Zoeloekoninkryk in 1879? (1)

2.5.2 Wat was die regte rede vir hierdie Britse inval van die Zoeloekoninkryk? (2)

2.5.3 Watter twee optredes van die Britte na die oorlog het verseker dat die Zoeloes nie teen hulle in opstand kon kom nie? (2)

2.6 **Verwys na Bron 2F.**

2.6.1 Watter boodskap dra die spotprenttekenaar in hierdie bron oor? (4)



TAS

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*